# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 50** **Nr 33** **28 September 2025**


## Wysheid kom van God

*"Maar die wysheid, waar word dié gevind, waar is die woonplek van die insig? Die mens ken nie die waarde daarvan nie, en dit word nie in die land van die lewendes gevind nie. Die diep waters sê: 'Dit is nie in my nie' die see sê: 'By mý is dit nie!' Goud kan dit nie koop nie, sy waarde kan nie in silwer afgeweeg word nie." (Job 28:12-15).*

"*En Hy het vir die mens gesê: Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig."* (Job 28:28).

In hierdie tyd van oorweldigende nood waarin baie van ons, ons tans bevind, raak dit absoluut noodsaaklik om met die nodige wysheid en insig besluite te neem wat soms wyer as net onsself strek. Dan kom die vraag soms, maar waar kry ons dan wysheid en hoekom voel dit of daar so min daarvan is as ons so om ons kyk?

Die woorde van Gesang 252 som dit so mooi op;

*O HEER, my God, by U is wysheid*
*wat by die mense dwaasheid heet –*
*dié mense wat in eie wysheid*
*steeds dink dat hulle alles weet.*
*Volmaak is alles uit u hande,*
*u kennis het geen perke nie.*
*Die mens, gebind deur sondebande,*
*verbly hom in u werke nie.*

In 'n tyd waar tegnologie so gevorderd is en ons al die inligting moontlik, op ons vinger punte tot ons beskikking het, dink maar net aan *Google, Sirri* en *ChatGPT*, is ons steeds in ons menslike swakheid, nie in staat om die wêreld se "groter probleme" op te los nie, ons dink aan die oorloë, of dreigende oorloë, plaasmoorde, armoede, water tekorte, steeds kan al die kennis wat ons het nie al hierdie krisisse oplos nie.

Waar vind 'n mens dan wysheid? Ware wysheid kom slegs van God, dit is ook nie iets nie, dit is iemand en ons vind dit in ons Here Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees, deur Sy Woord en in Gebed.

Kom ons bid saam, ook in hierdie Jubeljaar dat God ons sal seën met wysheid, want blote kennis gaan ons nie kan red.

Oudl Petri Pienaar

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Hersiening Les 15-21, Ps 145-1:1

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## KOLLEKTES

| | |
|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Emeritaatsversorging** (by die deure) |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Thusofonds** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# *Verjaarsdae*

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28-Sep | Johan | Bisschoff | C13 | 0832910950 |
| 29-Sep | Gerhard | du Plessis | A14 | 0823817716 |
| | Magdaleen | du Plessis | B10 | 0723281849 |
| | Jeanette | Potgieter | B01 | 0827722615 |
| 30-Sep | Hannelie | Grobler | B18 | 0765659827 |
| | Magda | Venter | B10 | 0847754700 |
| | Willie | Zaayman | C10 | 0793877357 |
| 1 Okt | Suné | Hermann | C08 | 0763923594 |
| | Elma | Smith | A07 | 0836986793 |
| | Leandre | Struwig | C13 | 0727753322 |
| | Marie | vd Walt | A07 | 0827219813 |
| | Annetjie | v Niekerk | C15 | 0729977909 |
| | Stefanus | v Staden | A15 | 0648650849 |
| 2 Okt | Chantelle | Pretorius | B02 | 0662812018 |
| 3 Okt | Ernest | Bornman | E01 | 0820632564 |
| | Silvia | Botha | A12 | 0829681894 |
| | Paul | Coelho | A04 | 0624502245 |
| | Cobus | de la Porte | A09 | 0823798533 |
| | Izak | Erasmus | B09 | 0722335205 |
| | Vicky | Roos | A15 | 0609970094 |
| 4 Okt | Santie | Coetzer | B09 | 0725899448 |
| | Elizabeth | Holdt | B16 | 0836566067 |
| | Bokkie | Prinsloo | A06 | 0836315702 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28-Sep | Pieter | van Rooy | C09 | 0828264850 |
| 1 Okt | Ruzell | Vorster | A16 | 0824512001 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Remique vd Bijl sterk aan na 'n galblaasoperasie (C13 – 083 291 2303).
- Ds Maarten gaan Dinsdag 'n prosedure ondergaan te ZA hospitaal (C15 - 072 143 1855).
- Antoinette Jv Vuuren sterk aan na 'n knie-operasie (C13 – 082 569 1882).
- Dit gaan nie goed met Charmaine Coetzee se dogter sy is ernstig siek in Wilgers hospitaal (C13 – 083 400 2724).
- Bets Wallace sterk aan in Unitas na neurologiese ondersoek (B16 – 084 886 3478).
- ***Meelewing*** word betoon met Bennie en Amanda Kotze na die afsterwe van Amanda se swaer.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

Die Here jou God is by jou,
Hy, die krygsman wat red.
Hy is vol vreugde oor jou,
Hy is stil - tevrede in sy liefde.
Hy jubel en juig oor jou.
-Sefanja 3:17-

## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/
aletheaministry/
Student Morkel Johl

Bespreek nou:
Ina Wiegand
082 887 4046

GEREFORMEERDE KERK, CENTURION SE DIAKONIE EN
OPPI STOEP GASTEHUIS BIED AAN

# ‘N STOEPSTORIE-AAND

**KOM GENIET ‘N AAND UIT MET SMULLEKKER KOS EN WARM HARTE**

Jubeljaar 2025
Gereformeerde Kerk Centurion
Groei na Christus
aanbid ✝ dien ✝ getuig

**Vrydag, 7 November 2025**

18:30 vir 19:00

Oppi Stoep, 190 Basden Laan, Centurion

---

- R250 per persoon
- Slegs 50 plekke beskikbaar
- Genooide opkomende kunstenaars
- Buffet ete: 3 vleise, 3 groentes, uitpakslaai, poeding
- Bring eie drinkgoed

PAY

C.E.Wiegand
Capitec
Reknr.1598120636
Verw.Naam van bespreking

Oppi Stoep
190 Basden Avenue

## Droë vrugte

Elke Sondag na die oggend-erediens, is daar droë vrugte beskikbaar by die kombuis se agterluik, o.l.v. die susters, dit is jul deurlopende fondsinsamelingsprojek.

Esmé Groenewald 082 872 4878

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**28 Sept**

Annelette Gentle (sameroeper)

Graad 9



**12 Okt**

Lize Johl (sameroeper)

Juventis


**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**PF Wolmarans Prokureurs** - Opstel van testamente, boedel-bereddering, registrasie van  huis-oordragte. Dit is die verkoper se prerogatief om die prokureur aan te stel. Pieter Wolmarans 083 949 8899.


## Diakonie-fondsinsameling

Jubeljaar knipmesse @ R100 elk

Jubeljaar goue en silwer lepels @ R50 elk

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219



# PASTORALE BERADINGSKURSUS

## *HULP AAN DIE HELPERS – PASTORALE PERSPEKTIEWE RAKENDE STRES, UITBRANDING EN MEDELYE-MOEGHEID*

## 18 NOVEMBER 2025 – ZOOM AANBIEDING

**Prof Wentzel Coetzer**

Om voortdurend betrokke te wees by die berading en geestelike begeleiding van emosioneel verwonde en getraumatiseerde persone kan uiteindelik ŉ geweldige prys kos indien die geestelike leier en berader onkundig en naïef is en nie voorkomende maatreëls in plek het nie. Daar is daagliks talle leraars, beraders, maatskaplike werkers, terapeute, ens., wat hierdie risiko loop, en in talle gevalle het dit in die verlede tot gevolg gehad emosionele ineenstorting, bedanking uit suksesvolle loopbane en selfs ook vernietiging van huwelike en ander intieme verhoudings.

Teen bovermelde agtergrond word daar in hierdie kursus veral gefokus op die realiteite en risiko's gekoppel aan areas soos stres, uitbranding en medelye-moegheid. Tipiese simptome en kenmerke wat aanduidings kan wees van ŉ emosionele storm wat op pad is, word bespreek - ŉ verskeidenheid van moontlike aanleidende oorsake kom ook onder die loep. Ten slotte word ŉ hele aantal praktiese riglyne en voorkomende maatreëls aan die orde gestel, enersyds ter voorkoming van die potensiële emosionele gevare, en andersyds ook ter begeleiding van diegene wat reeds in die valstrikke vasgevang geraak het.

**Kursus oop vir almal**

**Datum:** Dinsdag 18 November 2025.

**Tyd:** 09.00 – 13.00

**Akkreditering:** 5x VBO punte – CPSC punte – 5x AFM PCD punte

**Koste:** R275 pp

**Handboek te koop (opsioneel):** R370 (R250 plus R120 vir koerier)

**Navrae:** 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com

**Volg die kursus op ŉ later datum:**

Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna ŉ skakel ontvang om op enige later datum weer die kursus te kan volg.

**Om te bespreek vir die kursus:** Klik op die volgende skakel:

https://forms.gle/F9gAP1VaD86Xobua8

# Gereformeerde Sessies 2025

**Waar:** Mighty Apies Venue – 30km buite Pretoria

**Wanneer:** 9-11 Oktober 2025

**Tema:** Die Gereformeerde Orde

Kom luister, dink en gesels saam oor die instandhouding van die Gereformeerde Orde. Die hoop is dat ons vir 'n kort tydjie in ’n rustige en gesellige omgewing onsself kan afsonder van die daaglikse gewoel om so ook weer te verdiep in die rykdom van Skrif, belydenis en kerkorde. Die konferensie is veral gemik op ampsdraers, maar alle belangstellendes is welkom om saam te kom. Hierdie jaar maak ons spesiale voorsiening dat die hele gesin saam kan kuier – pa, ma en kinders. Die Mighty Apies Venue bied vir die kleinspan hope pret met swembaddens, hindernis bane en groot grasperke om op te speel en te ontspan.

Gaan besoek gerus die webtuiste. Jy kan daar vir jou en jou gesin ‘n plek bespreek - https://www.gksessies.co.za. Wil jy meer weet oor die inhoud en aanpak van die geleentheid, gaan luister na laasjaar se gesprekke - https://www.gksessies.co.za/podcast.

Ons sprekers tydens die geleentheid: Dolf Britz, Gerard Meijer, Theuns de Bruyn, Juan Mienie, Carel Jansen, Pieter le Roux, Erik van Alten, Gerben Meijer, Christiaan Jooste, Peet van der Westhuizen en Kosie Henning.

Vir meer inligting kontak gerus vir Gerben Meijer (0622794469) of Jan Louis Lee (0716406013).

# Liturgiese Riglyne

## SONDAGOGGEND 09:00

## DROOMVERLORE

**Skriflesing:**
Genesis 37:1-36
(2020)

**Teksvers:**
Genesis 37: 26-27

**Sing:**
Ps 138:1,4
Ps 90:1,3,7
Ps 80:1,3,8,10
Ps 126:1,2,3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Soms het ons as kinders groot drome vir die toekoms. Ons het aspirasies om die lewe self te oorwin! Maar nie almal deel altyd in ons drome nie. Soms kan ons drome ook ons ondergang beteken, omdat ons ten alle koste ons drome wil verwesenlik. Josef het nie groot drome gehad oor sy toekoms nie, inteendeel, God het deur drome aan hom gewys wat die toekoms vir hom sou inhou. Inderdaad groot dinge. Ons kyk wat word van die dromer as sy broers hulle sin kry, en hom verkoop as slaaf. Is Josef werklik droomverlore?

## SONDAGAAND 18:00

## Het God 'n van (agternaam)?

**Skriflesing:**
Hebreërs 11:1-16
(ook 10:39)
Johannes 14:1-6
1 Joh 3:1-11
(1983)

**Teksvers:**
Heb 11:16

**Sing:**
Ps 118:11,13
Ps 121:1,2
Ps 121:3,4
Sb 18-7:1,5,7,12
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Pelgrims was in die Bybelse tyd die mense wat oppad was na die stad Jerusalem, veral na die tempel, om te gaan aanbid. Oppad na God en sy nabyheid in sy tempel.

Ons het reeds geleer dat Hy nie net die doelwit daar doer vèr is nie, maar dat Hy ook ons hulp en medereisiger oppad is, wat by ons bly ter wille van sy liefde in en deur Jesus Christus.

Hy skaam Hom nie vir ons nie, en ons dra sy Naam. Eerder: Hy vereenselwig Hom met ons naam!

Hy berei vir ons die mooiste stad voor, waar ons saam met Hom kan woon.